**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A242/2006

In die appèl tussen:

**OUPA KAMOHO SAMSON MOKOENA** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN DER MERWE R *et* VAN ZYL R

---

**UITSPRAAK:** VAN ZYL R

---

**AANGEHOOR OP:** 5 FEBRUARIE 2007

---

**GELEWER OP:** 15 FEBRUARIE 2007

---

[1] Appellant het as beskuldigde 2 van twee beskuldigdes in die streekhof te Sasolburg tereggestaan op 'n aanklag van roof met verswarende omstandighede. Hy het onskuldig gepleit, maar is op 21 September 2005 skuldig bevind en gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf.

[2] Hoewel verlof aan appellant verleen is om te appelleer, is

dit ietwat onduidelik of sodanige verlof verleen is slegs ten opsigte van die vonnis of ten opsigte van beide die skuldigbevinding en die vonnis. In die verband blyk die rekord nie heeltemal volledig te wees met betrekking tot die verrigtinge ten opsigte van die aansoek om verlof om te appelleer nie. Uit die gedeelte van die rekord wat wel beskikbaar is, blyk dit asof daar slegs sprake was van ‘n kondonasie aansoek en ‘n aansoek om verlof om te appelleer teen die opgelegde vonnis. Die bevel wat gemaak is spesifiseer ook nie die verlof wat verleen is nie, deurdat dit slegs bepaal “THE COURT WILL THEREFORE GRANT YOU LEAVE TO APPEAL”. (Sien oorkonde p. 131 – 132.) Hierteenoor vermeld die streeklanddros op p. 135 van die oorkonde dat “Die beskuldigde/s gaan nou in hoër beroep teen die skuldigbevinding en vonnis”. Die kennisgewing van appèl, soos dit voorkom op p. 149 – 152 van die oorkonde, is ook redelik vaag. Dit blyk egter uit ‘n skrywe van appellant, gedateer 21 November 2005, soos dit voorkom op p. 157 van die oorkonde, dat appellant ontken

dat hy enigsins by die roof betrokke was. Veiligheidshalwe en in die belang van regspleging word hierdie appèl gevolglik hanteer asof dit 'n appèl teen beide die skuldigbevinding en opgelegde vonnis is.

[3] Die aanklag spruit voort uit 'n voorval wat op 30 Maart 2001 om omtrent 20h45 plaasgevind het. Die Staat het vier getuies geroep, synde die klaer, Clastin Mashigo ("die klaer"), 'n familielid van hom, Ephraim Mashaba ("Ephraim"), Chithaba Raphiri ("Chithaba") en 'n inspekteur in die SA Polisie, Moses Mahlatsi ("Mahlatsi"). Uit hulle getuienis het die volgende gebeure geblyk. Die klaer was die betrokke aand te voet oppad na sy woning te die woonbuurt Frans, Sasolburg. Twee persone het hom van voor genader, by hom verby gestap, omgedraai en hulle toe by hom aangesluit. Die een persoon was beskuldigde 1, wie hy geken het as Lucky en wie hy van sien geken het en die ander persoon was appellant, wie hy daardie aand die eerste keer gesien het. Nadat hulle hulself met vals name aan hom voorgestel het en saam met hom geloop en gesels het, het hulle op 'n stadium vanaf die teerpad gedraai op 'n voetpad deur die gras. Beskuldigde 1 het toe 'n panga te voorskyn gebring en die klaer beveel om sy geld aan beskuldigde 1 te oorhandig. Appellant het op daardie stadium die klaer van agter om die lyf gegryp. Hulle het aan die klaer gesê dat as hy nie sy geld oorhandig nie, hulle hom sou vermoor. Beskuldigde 1 het die klaer met die plat kant van die panga op beide sy skouers en sy kop gekap. Beskuldigde 1 het die klaer se selfoon uit sy linker broeksak gehaal en in sy eie baadjiesak gesit. Appellant het sy hand in die klaer se regter broeksak gesteek en R1000,00 uitgehaal, welke geld die klaer sou gebruik het om vir sinkplate te betaal. In die proses het die klaer appellant probeer keer om die geld te vat, maar het beskuldigde 1 hom so met die panga geslaan dat hy nie verder kon keer nie. Beskuldigde 1 en appellant het die klaer toe neergegooi en hom aangerand met vuiste, oop hande en deur hom te skop. Beskuldigde 1 het hom intussen ook nog verder met die panga geslaan. Die klaer het om

hulp geskreeu en beide die aanvallers het toe weggehardloop. Uit sy getuienis, saamgelees met die J88 mediese verslag wat as 'n bewysstuk ingehandig is, het dit geblyk dat twee beentjies in die klaer se regterhand gebreek was waarvoor die hand in gips geplaas was. Op sy linkerwang, onder sy linkeroog, aan die onderkant van sy ken op die regterkant en op sy rug het die klaer oppervlakkige skaafwonde opgedoen.

[4] Die volgende dag het Ephraim en die klaer die aanvallers in die woonbuurt gaan soek. By 'n kroeg het die klaer beskuldigde 1 uitgewys as een van sy aanvallers. Beskuldigde 1 was bekend aan Ephraim en het Ephraim met hom gepraat. Tydens die gesprek tussen Ephraim en beskuldigde 1 het beskuldigde 1 aangedui dat die geroofde goedere by sy huis was en dat hy dit die volgende dag sou bring. Hoewel die klaer tydens hierdie geleentheid die polisie ontbied het, was beskuldigde 1 reeds weg toe die polisie opdaag.

[5] Die daaropvolgende dag is Ephraim en die klaer na beskuldigde 1 se huis waar hulle beskuldigde 1 aangetref het. Nadat hulle met moeite toegang tot beskuldigde 1 se huis verkry het, waartydens beskuldgide 1 ook 'n mes (wat beskuldigde 1 later self as `n panga beskryf) te voorskyn gebring het, het beskuldigde 1 eventueel aangedui dat hy aan hulle sou gaan wys waar hy die selfoon verkoop het. Hulle is toe na Chithaba by wie hulle wel die klaer se selfoon gevind het. Volgens Chithaba se getuienis het hy die selfoon vir R100,00 vanaf beskuldigde aangekoop. Daarna het hulle beskuldigde 1 omtrent die geroofde

geld gevra en het beskuldigde 1 aangedui dat die geld by die ander persoon was wie saam met hom by die rooftog betrokke was. Hulle is toe na appellant se huis, welke huis deur beskuldigde 1 uitgewys is, waar hulle appellant slapend aangetref het. Appellant het beserings gehad met droë bloed op sy kop en in sy gesig. Beskuldigde 1 het appellant meegedeel dat die klaer-hulle op soek was na die geld wat hulle geroof het. Appellant se reaksie was dat nadat hulle die klaer geroof het, het beskuldigde 1 en sy vriende die geld weer by appellant afgeneem. Daar het 'n stryery tussen beskuldigde 1 en appellant ontstaan met betrekking tot die geld. Toe die klaer en Ephraim aandui dat hulle die polisie gaan ontbied, het beskuldigde 1 aangedui dat die geld wat hy vir die selfoon gekry het nog by sy huis was en dat hy die geld by sy moeder sou kry om die klaer terug te betaal. Hulle, tesame met appellant, het beskuldigde 1 vergesel na sy moeder te die woonbuurt Frans en het beskuldigde 1 sy moeder meegedeel dat hy op soek is na die geld wat hy die vorige dag of nag vir haar gegee het, maar sy het ontken dat sy enige geld ontvang het. Ander persone het op die toneel opgedaag en begin om beskuldigde 1 en appellant aan te rand. Die polisie is ontbied en beskuldigde 1 en appellant is gearresteer. Die klaer het wel sy selfoon terugontvang, maar geen gedeelte van die geld nie.

[6] Ten tyde van sy getuienisaflegging het beskuldigde 1 ontken dat hy enigsins by die roof betrokke was. Hy het ontken dat hy op die dag van die voorval saam met appellant was en het hy verduidelik dat hy appellant uitgewys het omdat hy aangerand was en toe besluit het om appellant uit te wys bloot omdat appellant naby Chithaba se plek woonagtig was. Met betrekking tot die selfoon het hy verduidelik dat Ephraim hom R100,00 geskuld het, Ephraim het nie geld gehad om hom te betaal nie en derhalwe het Ephraim vir hom die selfoon gegee en gesê hy moet dit gaan verpand vir R100,00. Hy wat Ephraim issou dan later weer die foon gaan terugkoop. Dit is hoekom beskuldigde 1 toe die selfoon aan Chithaba gaan verpand het vir R100,00. Die volgende het die klaer en Ephraim by sy huis opgedaag en die selfoon gesoek. Volgens hom het hulle hom aangerand en gesê dat hy sy vriend moes gaan uitwys, waarop hy appellant gaan uitwys het. Toe hulle by appellant opdaag, is appellant ook deur hulle aangerand.

[7] Appellant het ontken dat hy enigsins by die rooftog betrokke was of enige kennis daarvan het. Hy ken beskuldigde 1 slegs van sien. Volgens hom het beskuldigde 1 saam met ander persone, wie hy nie geken het nie, by sy woning opgedaag en hom aangerand. Beskuldigde 1 het hom egter nie aangerand nie – slegs die ander persone. Hulle het hom toe saamgeneem na die woonbuurt, Frans, waar hy arresteer is.

[8] Die verhoorhof het in sy uitspraak al die getuienis deeglike evalueer. Na aanleiding hiervan het hy bevind dat die klaer 'n eerlike en geloofwaardige getuie was en het hy ook soortgelyke bevindings met betrekking tot Ephraim en Chithaba gemaak. Mahlatsi se getuienis was in ieder geval nie werklik in dispuut nie. Die verhoorhof het egter tot die teendeel bevind met betrekking tot beskuldigde 1 en appellant. Volgens die verhoorhof het hulle hom glad nie as getuies beïndruk nie, deurdat hulle hulle weergawes in sekere opsigte aangepas het, hulself by geleenthede weerspreek het, huiwerig was om sekere vrae te beantwoord en sekere inherente onwaarskynlikhede in hulle getuienis voorgekom het. Die detail ten opsigte hiervan is reeds behoorlik in die verhoorhof se uitspraak uiteengesit en meen ek nie dat dit nodig is om hierin herhaal te word nie. By bestudering daarvan en van die getuienis, is daar na my mening geen fout te vind met die verhoorhof se geloofwaardigheids– en feitebevindings nie. Gevolglik is ek ook van mening dat die verhoorhof heeltemal tereg beskuldigde 1 en appellant se weergawes as vals verwerp het en insgelyks heeltemal tereg bevind het dat die Staat beskuldigde 1 en appellant se skuld bo redelike twyfel bewys het. Die appèl teen die skuldigbevinding kan derhalwe nie slaag nie.

[10] Wat die opgelegde vonnis betref het die verhoorhof behoorlike oorweging gegee aan die elemente van strafoplegging. Wat betref die persoonlike omstandighede van appellant is in ag geneem dat hy 25 jaar oud is, ongetroud en met geen afhanklikes nie. Appellant het Gr. 9 op skool geslaag en het klere verkoop waaruit hy 'n inkomste van R250,00 per maand verdien het. Hy is 'n algeheel eerste oortreder.

Wat die aard en erns van die misdryf betref, het die

verhoorhof tereg die geweldige hoë voorkoms van die misdryf in aanmerking geneem. Hy het ook bevind dat die roof vooraf beplan was gegewe die feit dat hulle 'n panga byderhand gehad het, hulle wyse van optree deur onderskeidelik voor en agter die klaer te loop toe daar vanaf die teerpad op die voetpaadjie geloop is en die wyse waarop hulle saamgewerk het met die aanval op die klaer. Dit is wel ten gunste van appellant in ag geneem dat hoewel die waarde van die geroofde items R3200,00 was, die selfoon ter waarde van R2200,00 teruggevind is.

Dit is ook ten gunste van appellant in ag geneem die lang tydperk van ongeveer 4 en 'n half jaar wat dit geneem het sedert die voorval plaasgevind het tot en met die afhandeling van die aangeleentheid, tydens welke tydperk appellant ongeveer 10 maande as verhoorafwagtende in hegtenis was voor hy vrygelaat is op borg. Daar is ook in ag geneem dat die klaer nie ernstig beseer is nie. Hierteenoor is dit egter deur die verhoorhof vermeld dat gegewe die erns en hoë voorkoms van die misdryf, die

gemeenskapsbelang vereis dat appellant behoorlik gevonnis moet word.

[11] Inaggenome die elemente van strafoplegging en bogemelde feite en omstandighede, het die verhoorhof na my mening tot die korrekte gevolgtrekking gekom deur te bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van ‘n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum vonnis van 15 jaar regverdig. Mnr. Van Rensburg, namens appellant, het aan die hand gedoen dat die appèl teen die opgelegde vonnis behoort te slaag en dat ‘n termyn van 8 jaar gevangenisstraf ‘n gepaste vonnis is. Hierteenoor het mnr. Pienaar, namens die Staat, betoog dat daar nie met die opgelegde vonnis ingemeng behoort te word nie.

[12] Dit is geykte reg dat ‘n hof van appèl se bevoegdheid om met ‘n opgelgde vonnis in te meng, beperk is en dat dit slegs gedoen kan word indien die verhoorhof ‘n mistasting ten opsigte daarvan begaan het of die opgelegde vonnis skokkend onvanpas is. Na my mening bestaan nie een

van hierdie twee gronde van inmenging in die onderhawige geval nie en rus daar geen basis waarop met die opgelegde vonnis kan of behoort ingemeng te word nie. Gevolglik kan die appèl teen die opgelegde vonnis nie slaag nie.

[13] In die vooropstelling word die appèl teen beide die skuldigbevinding en die opgelegde vonnis van die hand gewys.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE,R**

Namens die appellant: Adv. T.B. van Rensburg
i.o.v.
Regshulpraad
KROONSTAD

| | |
|---|---|
| Namens die respondent: | Adv. F. Pienaar<br>i.o.v.<br>DOV<br>BLOEMFONTEIN |

/Ecoetzee